# Olive Glen, Paarl 2024

| **ROETE:** | Dagstappe | **DATUM:** | 15-17 November 2024 |
|---|---|---|---|

**KOMMENTAAR**

Elf van ons het die Vrydagmiddag na die plaas Olive Glen aan die begin van die ou Du Toitskloofpas buite die Paarl vertrek. (Die 2 km plaaspad wat mens moet ry om daar uit te kom was rof en kon nogals die passiewe woordeskat van mense met klein motors soos 'n Volkswagen Polo lelik aktiveer.) Maar die geriewe het opgemaak daarvoor. Ons het die River House-kampterrein gekry – 'n “huis” met 'n kombuis, genoeg ruimte vir almal om te kuier, en 'n wonderlike stoep wat op die rivier uitgekyk het. Die kampplek is op terrasse rondom die huis. Later die aand het die volmaan agter die berg uitgekom en dit was sprokiesmooi saam met die naggeluide van honderde paddatjies en nagdiertjies wat opgestaan het uit die strook bos waardeur die rivier vloei. Michael het 'n behoorlike vuur gemaak en ons het lekker gebraai. Die plan vir Saterdag was om tot op die nekkie te klim en dan tot by 'n uitkykpunt te stap waar mens oor die Wemmershoekdam uitkyk, maar die span het iewers verkeerd geloop en 'n korter roete geneem. Na die stap, het Michael sy boog en pyle vir 'n bietjie skyfskiet uitgehaal. Party het in die rivier geswem. Saterdagaand het ons weer gebraai. Sondag het net vier van die groep 'n kort roete gedoen, waarna almal weer huiswaarts gekeer het. Dit is 'n naweek wat ons in die herfs of lente kan herhaal. Op die ou end was dit 'n luilekker naweek sonder om staprekords te breek. Baie dankie aan Amanda Matthee en Gerna Hough vir die reëlings. Hoogte geklim: Sien Opmerkings

| STAPPER | LIDNOMMER | ADMINFOOI | KM | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Amanda Matthee | 045/2024 | R 10 | 2 | |
| Gerna Hough | 131/2024 | R 10 | 10 | 672 m klimhoogte |
| Amanda Kapp | Nie-lid | R 20 | 10 | 672 m klimhoogte |
| Michael Smuts | 087/2024 | R 10 | 6 | 350 m klimhoogte |
| Estelle Smuts | 078/2024 | R 10 | 6 | 350 m klimhoogte |
| Waldemar Smuts | 079/2024 | R 10 | 6 | 350 m klimhoogte |
| Christiaan Smuts | 088/2024 | R 10 | 6 | 350 m klimhoogte |
| Miranda Myburgh | 092/2024 | R 10 | 10 | 672 m klimhoogte |
| Sinmarie Pieterse | 082/2024 | R 10 | 6 | 350 m klimhoogte |
| Marie Louise Kriel | Nie-lid | R 20 | 6 | 350 m klimhoogte |
| Cecile van der Walt | Nie-lid | R 20 | 2 | |
| | | | | |
| | **TOTALE:** | **R 140** | **70** | |

| **NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN:** | NVT |
|---|---|
| **ITEMS GEBRUIK:** | |

| **NAME OP WAGLYS** | |
|---|---|
| Geen | |
| | |

| **VERSLAG DEUR:** | Amanda Matthee |
|---|---|